**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Monday 18 November 2002 (morning)
Lundi 18 novembre 2002 (matin)
Lunes 18 de noviembre de 2002 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works, will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Traiter un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Uitgebreide verwysings na 'n Deel 2 werk van dieselfde genre is toelaatbaar, maar slegs bo en behalwe die minimum van twee Deel 3 werke. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) In watter mate kan jy saamstem dat die dramatiese uitkomste van die dramas wat jy bestudeer het, die resultaat is van die swakhede en tekortkominge van die karakters?

*of*

(b) Die optrede van die protagonis en antagonis in die drama wentel rondom botsende idees, ideale of ideologieë. Reageer op die stelling deur te verwys na ten minste twee van die werke wat jy gelees het.

**Poësie**

**2.** (a) 'n Gedig werk met 'n sentrale idee of gedagte wat in die gedig ondersoek word. Bespreek en kontrasteer die wyse waarop die digters wat jy gelees het, hul sentrale idee in spesifieke gedigte ondersoek.

*of*

(b) Die laaste reëls van 'n gedig huisves dikwels die ontknoping. In watter mate word dié tegniek in gedigte wat jy gelees het, gebruik. Wat is die effek van dié tegniek op die leser?

**Roman**

**3.** (a) Karakters word diep aangeraak deur die gebeure waarin hulle opgevang is. In die proses verander hulle deurdat hulle tot ander insigte kom, of anders na dinge kyk. Kan jy die stelling ondersteun deur na sommige karakters in die gelese romans te verwys?

*of*

(b) 'n Goeie roman werk geleidelik na 'n dénouement of ontknoping. Bespreek die ontknoping in die verhale wat jy gelees het en sê hoekom jy dié slotte bevredigend vind.

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die kortverhaal is te beknop om met meer as een konsep of idee te werk. Vergelyk die sentrale idee of konsep in die verhale wat jy gelees het.

*of*

(b) ’n Goeie kortverhaal moet ’n slot hê wat die leser volkome bevredig omdat dit die noodwendige afloop van die gebeure verteenwoordig. Watter verhale wat jy gelees het, besit so ’n bevredigende slot?

**Algemeen**

**5.** (a) Goeie letterkunde besit ’n waaragtigheid wat die leser ’n diep kyk gee in wat mens-wees is. In hoe ’n mate kan dit gesê word van die werke wat jy gelees het?

*of*

(b) ’n Goeie werk mag miskien geen gelukkige einde hê nie, maar juis daarom mag dit die leser besonder bevredig laat.

*of*

(c) Karakters skep dikwels hul eie ondergang vanweë fatale gebreke in hul morele opset. In watter mate is dié stelling waar omtrent karakters wat jy in jou leeswerk teengekom het?

*of*

(d) In watter mate het feministiese kwessies opgeduik in die werke wat jy gelees het? Hoe is dit hanteer?